DIE HELPENDE HAND
STUDIETRUST

# Helpende Hand Studietrust

Die Helpende Hand Studietrust bied gedeeltelike, rentevrye studielenings aan behoeftige, verdienstelike, Afrikaanse studente wat aan **Akademia** studeer.

## AANSOEKTYDPERK

**1 Julie tot 30 September** jaarliks vir hulp in die daaropvolgende studiejaar

- Aansoeke moet binne hierdie tydperk volledig aanlyn ingedien word.
- Let daarop dat geen aansoeke buite hierdie tydperk aanvaar word nie.
- Die aansoektydperk is geldig vir bestaande leninghouers en nuwe aansoekers.

## KRITERIA

- Akademiese prestasie
- Maatskaplike omstandighede van die gesin
- Gesinsamestelling
- Gesamentlike bruto inkomste van <R800 000 per jaar
- Aktiewe Solidariteit-lidmaatskap (https://solidariteit.co.za/lidmaatskap)

## DOKUMENTASIE BENODIG VIR AANSOEK

- Bewys van inkomste van al die ondersteunende persone
- Nuutste puntestaat of matrieksertifikaat of graad 11-rapport
- Identiteitsdokumente van die student en gesin
- Bewys van registrasie by Akademia / bewys van voorlopige keuring
- Ander relevante dokumentasie na gelang van omstandighede

## BELANGRIK

Geen druip- of hervakke of agterstallige gelde word deur die studielening gedek nie.
Studente moet minstens R200 per maand terugbetaal tydens hulle studietydperk.
'n Terugbetalingsooreenkoms word aangegaan direk na voltooiing van die studies.

Besoek die Helpende Hand Studietrust se webblad vir meer inligting en om die aansoekvideo te kyk.

Maak seker jou aansoek is volledig en betyds ingedien vir 'n suksesvolle evaluasie deur ons onafhanklike komitees.

**Kontakbesonderhede vir Akademia studielenings**

E-pos: lenings@helpendehand.co.za | www.hh-studietrust.co.za/studente